

EKURHULENI NORTH

GEOGRAFIE

VRAESTEL	:	1 TEORIE
GRAAD	:	11
TYD	:	3 URE
TOTAAL	:	225
DATE	:	2 NOVEMBER 2017

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n BYLAAG van 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INFORMASIE:

1. Beantwoord **DRIE** vrae van 75 punte elk.
Indien jy al vier vrae beantwoord, sal die laaste vraag nie gemerk word nie.
2. Skryf jou naam in die regter, boonste hoek van jou antwoordblad.
3. Laat 'n lyn oop na elke subvraag.
4. Begin **ELKE** nuwe vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Nommer die antwoorde presies soos dit op die vraestel genummer is.
6. Gebruik diagramme met byskrifte waar nodig.

AFDELING A: KLIMATOLOGIE EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in Afdeling **A** beantwoord, moet jy TWEE vrae in Afdeling **B** beantwoord.

VRAAG 1:

- 1.1 Kies die korrekte term in **KOLOM B** wat by die beskrywing in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter A – H langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in jou antwoordboek neer, bv. 1.1.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Winde wat in die Middelbreedte- / Ferrel- sel vorm.	A.	Lugdrukgradiënt
1.1.2	Vertikale verlies van hitte.	B.	Geostrofiese wind
1.1.3	Konvergensie sone van noord-oostelike en suid-oostelike passaatwinde.	C.	Polêre front
1.1.4	Die krag wat ontwikkel as gevolg van verskille in lugdruk.	D.	Aardstraling
1.1.5	Baie sterk winde wat 10km bo die aardoppervlak ontwikkel.	E.	ITKS
1.1.6	Winde wat parallel aan die isobare waai.	F.	Westewinde
1.1.7	Die plek waar Westewinde en Polêre Oostewinde ontmoet.	G.	Corioliskrag
1.1.8	Die krag wat wind na regs in die Noordelike halfrond laat afwyk.	H.	Straalstroom
		I.	Insolasie

(8 x 1) (8)

1. Bestudeer FIGUUR 1.2 wat hangelemente voorstel en voltooi die stelling deur die letters **A – D** wat op die diagram aangedui is te gebruik. Skryf SLEGS die korrekte letter **A – D** langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) neer, bv. 1.2.9 D

- 1.2.1 Die hangelement ... het 'n konvekse vorm.
 1.2.2 By ... vind daar gewoonlik terugwaartse erosie plaas.
 1.2.3 Grondkruip word gewoonlik by ... gevind.
 1.2.4 Sedimente versamel gewoonlik by helling ...
 1.2.5 Die hangelement wat 'n konkawe vorm het is ...
 1.2.6 Geen afsetting sal by hangelement ... gevind word nie.
 1.2.7 Vinnige massabeweging kom gewoonlik by ... voor.

(7 x 1) (7)

- 1.3 Bestudeer FIGUUR 1.3 op die bylaag wat 'n fohn-wind voorstel en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.3.1 Gee die definisie van 'n *Fohn wind*. (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Die terminologie vir Fohn winde verskil van land tot land. As wat staan die Fohn wind in Suid-Afrika bekend? (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Gebruik FIGUUR 1.3 en bepaal die temperatuur by die volgende vlakke aan die windkant van die berg:
- a) By kondensasievlak
- b) By 2000 m bo seevlak (2 x 1) (2)
- 1.3.4 Beskryf die verskil in die weerstoestand aan die windkant en lykant van die berg in FIGUUR 1.3.
- a) Windkant:
- b) Lykant: (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Bespreek kortliks die negatiewe impak wat Fohn-winde op die omgewing en die bevolking by punt **A** in FIGUUR 1.3, sal uitoefen. (3 x 2) (6)
- [14]**
- 1.4 Bestudeer die sinoptiese weerkaart in FIGUUR 1.4 en beantwoord die volgende vrae:
- 1.4.1 Gee die definisie van 'n *isobaar*. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Wat is die isobariese interval van die sinoptiese weerkaart in FIGUUR 1.4? (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Benoem die hoogdrukstelsels **A** en **B** soos uitgebeeld in FIGUUR 1.4. (2 x 1) (2)
- 1.4.4 FIGUUR 1.4 beeld 'n winter sinoptiese weerkaart uit. Gee bewyse vanaf FIGUUR 1.4 om hierdie stelling te staaf. (2 x 2) (4)
- 1.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die verspreiding van die isobare wat as **C** en **D** op FIGUUR 1.4 aangedui is, die kenmerke van spesifieke windtoestande aantoon. Gee bewyse vanaf die sinoptiese weerkaart, om jou verduideliking te ondersteun. (4 x 2) (8)
- [16]**

1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 wat Karoo - Landskappe uitbeeld en beantwoord die volgende vrae:

1.5.1 Uit watter tipe strata sal die landvorme in FIGUUR 1.5 ontwikkel?
(1 x 1) (1)

1.5.2 Identifiseer die landvorme wat as letters **C, D en F** op FIGUUR 1.5 aangedui word.
(3 x 1) (3)

1.5.3 Benoem en beskryf die erosie proses wat as **E** op FIGUUR 1.5 uitgebeeld word.
(1+1 x 2) (3)

1.5.4 Sal semi-arië of vogtig klimaat die Karoo - landvorme in FIGUUR 1.5 beïnvloed?
(1 x 1) (1)

1.5.5 Beskryf hoe die Karoo-landskap in FIGUUR 1.5 deur die inwoners gebruik kan word om ekonomiese voordeel daaruit te trek.
(3 x 2) (6)

[14]

1.6 Bestudeer FIGUUR 1.6 wat 'n landskap waar massabeweging plaasgevind het, voorstel.

1.6.1 Benoem die tipe massabeweging wat deur FIGUUR 1.6 voorgestel word.
(1 x 1) (1)

1.6.2 Gee EEN bewyse sigbaar in FIGUUR 1.6 om jou antwoord in VRAAG 1.6.1 te staaf.
(1 x 1) (1)

1.6.3 Noem EEN menslike aktiwiteit wat 'n invloed op die tipe beweging, in FIGUUR 1.6 sal hê.
(1 x 2) (2)

1.6.4 Bespreek TWEE natuurlike faktore wat die tempo van die massabeweging genoem in VRAAG 1.6.1, beïnvloed.
(2 x 2) (4)

1.6.5 Bespreek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, strategieë wat toegepas kan word om die helling en die massabeweging voorgestel in FIGUUR 1.6, te stabiliseer en die impak daarvan te verminder.

(4 x 2) (8)

[16]

VRAAG 2:

2.1 FIGUUR 2.1 illustreer globale lugsirkulasie. Gebruik die letters **A - D** aangetoon in die FIGUUR om die korrekte term/konsep vir die beskrywings(2.1.1 – 2.1.7) te verskaf, Bv. 2.1.8 Poolseel

2.1.1 Die gebied by **A** waar maksimum verhitting plaasvind.

2.1.2 Die tipe lugdruk (hoogdruk of laagdruk) sal met dalende lug by **B** geassosieer kan word.

2.1.3 Die lugdruk gordel wat by **B** aangetref sal word.

2.1.4 'n Weerstelsel wat by **C**, waar die westewinde en Polêre oostewinde ontmoet, ontwikkel..

2.1.5 Die tipe luginbeweging wat gewoonlik in die bolug by **A** voorkom.

2.1.6 Die naam van die driesel sirkulasie by **E**.

2.1.7 Benoem die luginruksel by **D**. (7 x 1) (7)

2.2 Kies die korrekte term tussen hakkies om die verklarings in VRAAG 2.2.1-2.2.8 waar te maak. Skryf die vraagnommer en die korrekte woord langs die vraagnommer neer. Bv. 2.2.9 plaat

Wanneer 2.2.1 (lawa/magma) onder die aardoppervlakte verhard, word 'n 2.2.2

(intrusiewe/ekstrusiewe) landvorm gevorm. Die 2.2.3 (grootste/kleinste) van hierdie

tipe landvorm is die batoliet. Die 2.2.4 (lopoliet/lakkoliet) is 'n bakkie-vormige landvorm

en is verbind met die magmakamer deur middel van 'n 2.2.5 (pyp/plaat). 'n

Granietkoepel, soos die Paarlberge, het gevorm as gevolg van die verwerking van 'n

2.2.6 (lopoliet/lakkoliet) of 'n 2.2.7 (dyk/batoliet). 'n 2.2.8 (Tor/Cuesta) ontwikkel na die

erosie van 'n Lopoliet. (8 x 1) (8)

2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3, en beantwoord die vrae oor die weerverskynsels EL NINO en LA NINA.

2.3.1 Waarvoor staan die afkorting *ENSO*? (1 x1) (1)

2.3.2 Waarom word El Nino as die seuntjie in FIGUUR 2.3 uitgebeeld? (1 x 1) (1)

- 2.3.3 Bepreek die verskille tussen die weerkenmerke van die El Nino en La Nina verskynsels. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Sal die dominante lugdruk oor Suid-Afrika tydens die voorkoms van El Nino 'n laagdruk of 'n hoogdruk wees? (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Boere in Suid-Afrika vrees die El Nino verskynsel weens die effek wat dit op hul boerdery uitoefen. Bespreek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls watter gevolge El Nino op die landbou aktiwiteite en ekonomiese stabiliteit van boere in Suid-Afrika sal uitoefen. (4 x 2) (8)

[16]

2.4 Bestudeer FIGUUR 2.4 A en FIGUUR 2.4 B wat oor Moesonwinde handel en beantwoord die vrae wat volg:

- 2.4.1 Definieer die konsep *Moesonwind*. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Waar in Afrika kan 'n mens verwag om 'n Moesonwind te kry? (Wes- Afrika of Oos- Afrika) (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Watter seisoen word onderskeidelik deur FIGUUR 2.4 A en FIGUUR 2.4 B aangetoon? (2 x 1) (2)
- 2.4.4 Tabuleer die verskil in die temperatuur en vogtigheid van die Moesonwind wat onderskeidelik by FIGUUR 2.4 A en FIGUUR 2.4 B voorgestel word. (4 x 1) (4)
- 2.4.5 Bepreek die impak wat 'n somer moesonwind op die inwoners van Indië sal uitoefen. (3 x 2) (6)

[14]

2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5 wat 'n stollingsgesteente landvorm uitbeeld en beantwoord die vrae:

- 2.5.1 Benoem die landvorm wat in FIGUUR 2.5 voorgestel word. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Identifiseer die intrusiewe stollingsgesteente waaruit die landvorm geïdentifiseer in VRAAG 2.5.1 ontwikkel het. (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Beskryf DRIE kenmerke van die landvorm wat in FIGUUR 2.5 sigbaar is. (3 x 2) (6)

- 2.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die prosesse en/of vorming van hierdie landvorm. Teken 'n benoemde skets van die proses om jou verduideliking te staaf.

(4 x 2) (8)

[16]

- 2.6 Bestudeer FIGUUR 2.6 wat oor hellende lae handel en beantwoord die vrae wat volg.

- 2.6.1 Identifiseer die landvorm wat as **C** in FIGUUR 2.6 aangedui word.

(1 x 1) (1)

- 2.6.2 Benoem die proses waardeur die landvorm in FIGUUR 2.6 gevorm word?

(1 x 2) (2)

- 2.6.3 Benoem die kenmerk van die tipe gesteente wat onderskeidelik by **A** en **B** aangetref word.

(2 x 1) (2)

- 2.6.4 Buiten die landvorm in FIGUUR 2.6 noem EEN ander landvorm wat deur hellende lae gevorm word.

(1 x 1) (1)

- 2.6.5 Beskryf die verskil tussen die eskarphelling en duikhelling deur na die kenmerke van elk te verwys.

(2 x 2) (4)

- 2.6.6 Bepreek DRIE maniere hoe die landvorm in FIGUUR 2.6 deur die mens benut kan word deur na beide die duikhelling en eskarphelling te verwys.

(3 x 2) (6)

[16]

AFDELING B: ONTWIKKELING EN HULPBRONNE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in Afdeling **B** beantwoord, moet jy TWEE vrae in Afdeling **A** beantwoord.

VRAAG 3

3.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf die letter **A - D** langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.7) neer. Bv. 3.1.8 D.

3.1.1 Die gebruik van hulpbronne en tegnologie om die lewensgehalte van bevolking in 'n land te verbeter word ... genoem.

- A. volhoubare ontwikkeling
- B. ontwikkeling
- C. infrastruktuur
- D. aanwas

3.1.2 _____ is 'n voorbeeld van een aspek van MOI (Menslike Ontwikkelings Indeks).

- A. Geboorte koers, sterfte koers en babastertekoers
- B. Onderwyspeil en geletterheidsvlak
- C. Bruto Nasionale Produk en Bruto Binnelandse Produk
- D. Voedsel en voeding

3.1.3 'n Ontwikkelingsmodel wat deur Friedman in 1966 voorgestel is, is die ...

- A. Kernperiferiemodel.
- B. Volhoubare ontwikkelingsmodel.
- C. Model van ekonomiese groei.
- D. MOI model.

3.1.4 Die ekonomiese sektor wat 'n kleiner rol in die BBP van 'n ontwikkelde land speel, is die ... sektor.

- A. Tersiêre
- B. Primêre
- C. Sekondêre
- D. Kwantiêre

3.1.5 Die ... is 'n streekshandelsblok waarvan Suid-Afrika deel is.

- A. SAOG
- B. ASEAN
- C. OPEC
- D. NAFTA

3.1.6 Onbeperkte handel van goedere en dienste tussen lande sonder die beperkings van tariewe, aksyn en kwotas, noem ons ...

- A. billike handel.
- B. subsidies.
- C. handelversperrings.
- D. vryhandel.

3.1.7 'n Tipe ontwikkelingshulp waar 'n MEOL slegs hulp aan mense in nood verleen, is nie altyd ontwikkelingshulp nie, maar eerder nood- of verligtingshulp. Dit staan bekend as...

- A. voorwaardelike hulp
- B. tegniese hulp
- C. bilaterale hulp
- D. humanitêre hulp

(7 x 1) (7)

3.2 Verskaf EEN woord vir die volgende stellings. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer (3.2.1 – 3.2.8) neer. Bv. 3.2.9 Bio-gas.

- 3.2.1 Materiale/bronne byvoorbeeld vis, olie, steenkool en hout wat in die natuur voorkom en wat waardevol en nuttig is.
- 3.2.2 Die organiese materiaal in grond wat uit die oorblyfsels van plante en diere bestaan.
- 3.2.3 'n Ekonomie wat nie aan die omgewing skade berokken nie.
- 3.2.4 Energie wat deur lopende water opgewek word.
- 3.2.5 Die bewaring van natuurlike hulpbronne vir die gebruik deur toekomstige nageslagte.
- 3.2.6 Die tipe neerslag wat ontstaan in omgewings waar baie lugbesoedeling voorkom.
- 3.2.7 Gasse wat koolstofdiksied bevat en die atmosfeer besoedel.
- 3.2.8 Die voetspoor wat deur die ontwikkeling en gebruik van energie op die omgewing agtergelaat word.

(8 x 1) (8)

3.3 Bestudeer FIGUUR 3.3 oor multinasionale maatskappye en beantwoord die vrae wat volg:

- 3.3.1 Definieer die term *multinasionale maatskappy*. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Noem die TWEE top wegneemete - handelsname in Suid-Afrika soos aangedui in FIGUUR 3.3. (2 x 1) (2)
- 3.3.3 Hoeveel miljoen wegneemetes is deur Suid-Afrikaners in 2010 gekoop en wat sal die voorspelde hoeveelheid teen 2018 wees? (2 x 1) (2)
- 3.3.4 Verduidelik watter invloed Suid-Afrika se swak ekonomiese toestand op hierdie multinasionale maatskappye sal hê. (1 x 2) (2)
- 3.3.5 Definieer die term *Globalisasie*. (1 x 1) (1)
- 3.3.6 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy die voordele en nadele van globalisasie op die wegneemete industry van Suid-Afrika bespreek. (4 x 2) (8)

[16]

3.4 Bestudeer FIGUUR 3.4 wat die Brandt-lyn voorstel.

- 3.4.1 Wat word deur die *Brandt-lyn* voorgestel? (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Bespreek die verskil tussen die Noordelike- en Suidelike gedeeltes van die kaart in FIGUUR 3.4 deur na die kenmerke van 'n ontwikkelde- en ontwikkelende land te verwys. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Kies uit die volgende, DRIE stellings wat ontwikkelende lande die beste beskryf: (Voedselonsekerheid, hoë vlakke van geletterdheid, 20% van die wêreld se bevolking woon hier, lewensverwagting is minder as 50 jaar, meeste mense het toegang tot veilige water en sanitasie) (3 x 1) (3)
- 3.4.4 Bespreek DRIE redes waarom Suid-Afrika as 'n ontwikkelende land beskou word. (3 x 2) (6)

[14]

3.5 Lees GEVALLESTUDIE 3.5, Switsers Stem Teen Kernkrag, en beantwoord die vrae.

- 3.5.1 Noem die verskil tussen *hernubare energie* hulpbronne en *nie-hernubare energie* bronne. (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Die Switserse regering wil kernkrag uitfaseer. Watter rede, soos aangedui in GEVALLESTUDIE 3.5, het hulle vir hierdie besluit aangevoer? (1 x 1) (1)
- 3.5.3 Bespreek DRIE negatiewe gevolge van kernkrag wat hierdie besluit van die Switserse regering, soos genoem in VRAAG 3.5.2, sal ondersteun. (3 x 2) (6)
- 3.5.4 Noem DRIE hernubare elektrisiteitsbronne uit GEVALLESTUDIE 3.5, wat as 'n alternatief vir kernkrag gebruik kan word. (3 x 1) (3)
- 3.5.5 Noem EEN negatiewe gevolg wat die sluiting van die kernkragstasies op die Switserse ekonomie sal hê. (1 x 2) (2)

[14]

- 3.6 Bestudeer FIGUUR 3.6 wat koolstofvrystelling voorstel en beantwoord die vrae wat volg:
- 3.6.1 Gee 'n definisie van 'n *koolstofvoetspoor*. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Bespreek die verskil tussen 'n mEOL (LEDC) en 'n MEOL (MEDC) se koolstofvrystelling. (2 x 2) (4)
- 3.6.3 Interpreter die betekenis van die spotprent, FIGUUR 3.6, aangaande die kwessie van koolstofvrystelling. (2 x 1) (2)
- 3.6.4 Gee die betekenis van die term *groen ekonomie*. (1 x 1) (1)
- 3.6.5 Bespreek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls hoe 'n groener ekonomie en leefwyse deur die regering en besighede geïmplementeer kan word om die koolstofvoetspoor van 'n land te verklein. (4 x 2) (8)

[16]

VRAAG 4:

- 4.1 Bestudeer FIGUUR 4.1 wat 'n grondprofiel uitbeeld en pas telkens die korrekte horison, aangedui as **A – D en O** op FIGUUR 4.1, by die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.8), bv. 4.1.9 A
- 4.1.1 Die laag waar die moedergesteente voorkom.
- 4.1.2 Die laag wat ryk in humus en minerale is.
- 4.1.3 Die laag wat ook as die ware grond bekend staan.
- 4.1.4 Die laag wat ook as die illuviasie/ akkumulاسie sone bekend staan.
- 4.1.5 Voedingstowwe versamel meestal in hierdie laag.
- 4.1.6 Die laag wat uit gedeeltelike verweerde moederrots bestaan.
- 4.1.7 Die laag wat ook die organiese horison genoem word.
- 4.1.8 Die laag wat deur gronderosie ontbloot word..

(8 x 1) (8)

- 4.2 Kies die korrekte term in **KOLOM A** wat by die beskrywing in **KOLOM B** pas. Skryf slegs die letter (**A - H**) langs die vraagnommer (4.2.1 – 4.2.7) in jou antwoordboek, bv. 4.2.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
4.2.1	'n Organisasie wat uit die opkomende mark van Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika bestaan.	A.	Indië
4.2.2	Goedere of produkte wat geproduseer word om in die behoeftes en voorkeure van mense te voorsien.	B.	Kolonie
4.2.3	Die proses waar een aspek in die vervaardiging van 'n produk deur 'n buitemaatskappy gedoen word.	C.	Kern
4.2.4	'n Konsentrasie van ekonomiese ontwikkeling in 'n spesifieke gebied.	D.	Kommoditeite
4.2.5	'n Minder ontwikkelde land.	E.	Sanksies
4.2.6	'n Meer ekonomiese ontwikkelde land.	F.	BRICS
4.2.7	Strafmaatreëls wat toegepas word in die geval waar 'n wet of verdrag nie nagekom word nie.	G.	Uitkontraktering
		H.	Australië

(7 X 1) (7)

- 4.3 Bestudeer FIGUUR 4.3 wat oor geslagsgelykheid handel om die volgende vrae te beantwoord.

- 4.3.1 Verduidelik die term *geslagsgelykheid*. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Maak gebruik van die inligting in FIGUUR 4.3 om die gemiddelde ouderdomme waarop mans en vroue gewoonlik trou, te bepaal. (2 x 1) (2)
- 4.3.3 Gebruik FIGUUR 4.3 en bepaal hoeveel vroue trou voor hulle 18 jaar oud is, (1 x 1) (1)
- 4.3.4 Bespreek TWEE redes vir die tendens dat vroue in mECD (LEDC) lande meestal voor 18jarige ouderdom, trou. (2 x 2) (4)
- 4.3.5 Bespreek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls die invloed wat huwelike op 'n vroeë ouderdom op Suid-Asië en sub-Sahara Afrika se opvoedingsvlak en ekonomie sal uitoefen. (4 x 2) (8)

[16]

- 4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4 wat oor verwoestyning handel en antwoord die vrae.
- 4.4.1 Verduidelik die term *verwoestyning*. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Watter menslike aktiwiteit het tot die agteruitgang van die omgewing in FIGUUR 4.4 gelei? (1 x 1) (1)
- 4.4.3 Bespreek kortliks TWEE negatiewe gevolge, wat die menslike aktiwiteit wat in VRAAG 4.4.2 genoem is, op die omgewing in FIGUUR 4.4 **C** en FIGUUR 4.4 **D** uitgeoefen het. (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Bespreek VIER bestuurstrategieë wat die bevolking in FIGUUR 4.4, in die omgewing kan implementeer om die negatiewe gevolge op die natuurlike omgewing te voorkom of te minimaliseer. (4 x 2) (8)
- [14]**
- 4.5 Lees die gevallestudie in FIGUUR 4.5 oor NRO organisasies aandagtig deur en beantwoord die volgende vrae.
- 4.5.1 Waarvoor staan die akroniem NRO? (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Identifiseer die NRO in die gevallestudie FIGUUR 4.5, wat 'n groot rol tydens die Ebola crises gespeel het. (1 x 1) (1)
- 4.5.3 Daar word na verskillende tipes hulp in die gevallestudie verwys. Sou jy die hulp wat die NRO verleen het, beskryf as voorwaardelik of humanitêr? Gee 'n rede vir jou antwoord uit die gevallestudie in FIGUUR 4.5. (1+1 x 2) (3)
- 4.5.4 Beskryf DRIE faktore uit die gevallestudie wat bygedra het tot die onvermoë om die virus se verspreiding te voorkom. (3 x 1) (3)
- 4.5.5 Identifiseer TWEE lande wat direk deur die verspreiding van hierdie siekte geraak is. (2 x 1) (2)
- 4.5.6 Bespreek TWEE voorstelle hoe die finansiële bydraes vanaf MEOL (MEDC) lande die verdere verspreiding van die virus kan voorkom en moontlik tot die genesing daarvan kan bydra. (2 x 2) (4)
- [14]**

4.6 Die statestieke in FIGUUR 4.6 toon die elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika vanaf 2006 tot 2014, aan.

- 4.6.1 Wat is 'n *konvensionele energiebron*? (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Watter produsent het volgens FIGUUR 4.6 die meeste energie in 2014 aan Suid-Afrika verskaf? (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Hoeveel gigwatt energie is in 2014 geproduseer? (1 x 1) (1)
- 4.6.4 Watter jare het onderskeidelik die minste en meeste energie geproduseer? (2 x 1) (2)
- 4.6.5 Noem DRIE konvensionele energiebronne wat vir die opwekking van energie gebruik word. (3 x 1) (3)
- 4.6.6 Bespreek die negatiewe impak wat die gebruik van konvensionele energiebronne op die omgewing sal uitoefen. (4 x 2) (8)

[16]

225

GROOTTOTAAL